

# KLASSIEKE MUSIEK

# KLASSIEKE MUSIEK



| | | |
|---|---|---|
| **VRYDAG 1 MAART** | | |
| 16:30 | MI(SA) | Adam Small Ouditorium |
| 20:30 | MI(SA) | Adam Small Ouditorium |
| 20:00 | Charl du Plessis Trio: Speel Beethoven | kykNET Endler |
| **SATERDAG 2 MAART** | | |
| 11:00 | Vredeklawers | kykNET Fismer |
| 14:30 | MI(SA) | Adam Small Ouditorium |
| 15:00 | Mood Swings | kykNET Endler |
| 17:30 | Bowie Baroque | kykNET Fismer |
| 20:00 | Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes | kykNET Endler |
| **SONDAG 3 MAART** | | |
| 11:00 | Mike Wang Piano Recital | kykNET Fismer |
| 15:00 | Hulde aan Nellie du Toit | kykNET Endler |
| 17:30 | Agnus Dei - Meditasies | kykNET Fismer |
| 19:30 | MI(SA) | Adam Small Ouditorium |
| 20:00 | Indigo | kykNET Endler |
| **MAANDAG 4 MAART** | | |
| 13:15 | Orrelweek: Christiaan Carstens | Moederkerk |
| 15:00 | Wonderkinders | kykNET Endler |
| 18:00 | Piano and Strings from the USA | kykNET Fismer |
| 20:00 | Glorious Baroque | kykNET Endler |
| **DINSDAG 5 MAART** | | |
| 13:15 | Orrelweek: Winand Grundling | Moederkerk |
| 15:00 | Dark Side of the Flute | kykNET Endler |
| 17:30 | Bowie Baroque | kykNET Fismer |
| 20:00 | Olga Kern: prestige-klavieruitvoering | kykNET Endler |
| **WOENSDAG 6 MAART** | | |
| 13:15 | Orrelweek: Christopher Petrie | Moederkerk |
| 20:00 | US Camerata | kykNET Endler |
| 20:30 | LA FEMME! | kykNET Fismer |

| DONDERDAG 7 MAART | | |
|---|---|---|
| 13:15 | Orrelweek: Diederick Basson | Moederkerk |
| 13:15 | Universiteitskoor Stellenbosch | kykNET Endler |
| 16:00 | Virtuose in Konsert / Virtuosi in Concert | kykNET Endler |
| 20:00 | Two Pianists | kykNET Endler |
| **VRYDAG 8 MAART** | | |
| 13:15 | Orrelweek: Zorada Temmingh | Moederkerk |
| 13:15 | Universiteitskoor Stellenbosch | kykNET Endler |
| 18:00 | 'n Nuwe lied | kykNET Fismer |
| 20:00 | Contrasts | kykNET Endler |
| 20:30 | Songs of Life | kykNET Fismer |
| **SATERDAG 9 MAART** | | |
| 11:00 | Blondes' Chopin Liszt | kykNET Endler |
| 13:00 | LA FEMME! | kykNET Fismer |
| 15:00 | Verdi se Requiem | kykNET Endler |
| 20:00 | Hemispheres - Choral Music from Africa and Sweden | kykNET Endler |
| **SONDAG 10 MAART** | | |
| 15:00 | Verdi se Requiem | kykNET Endler |

## AGNUS DEI – MEDITASIES

**Met:** Kaapstadse Jeugkoor o.l.v. Leon Starker

*Agnus Dei – Meditasies* is 'n uitvoering van a cappella-koorwerke met die oog op die naderende Pase uitgevoer deur die Kaapstadse Jeugkoor, onder leiding van Leon Starker. Dit bied 'n oomblik van stil word en reflekteer rondom temas van opoffering, verlies en hoop. Die komponiste wat aan die beurt kom, is Penderecki, Tormis, Pamintuan, Allegri, Whitacre, Mendelssohn en Gabriel Jackson. Let wel: Dié vertoning is nie ligte vermaak nie en nie geskik vir konsertgangers wat verwag om popmusiekverwerkings te hoor nie.

**3 Maart** 17:30
70 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## CONTRASTS

**Met:** László Kuti (klarinet), Peter Martens (tjello), François du Toit (klavier)

Die Hongaarse klarinettis László Kuti is hoofspeler in die Münchense Filharmonie en een van die top- internasionale kunstenaars wat aan die 2019 Woordfees deelneem. Kuti is gereeld op die verhoog om kamermusiek uit te voer met die voorste plaaslike musici van die lande wat hy besoek. Die sublieme timbre van klarinet, tjello en klavier het daartoe gelei dat vooraanstaande komponiste betekenisvolle bydraes tot hierdie kamermusiek-genre bygedra het. Hierdie konsert met Kuti, aangevul deur François du Toit (klavier) en Peter Martens (tjello), voer bekende werke van Brahms en Glinka uit, terwyl Kuti en Du Toit ook werke vir klarinet en klavier van Schumann, Weiner en Kovacs sal uitvoer.

**8 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur


László Kuti (klarinet) – US Camerata en *Contrasts*

## BOWIE BAROQUE

**In samewerking met:** Iluminar Productions
**Regisseur:** Jan-Hendrik Harley & Luna Paige
**Ontwerp:** Iluminar Productions
**Musiek:** David Bowie, met bewerkings deur Jan-Hendrik Harley
**Verhoogbestuurder:** Luna Paige
**Met:** Jan-Hendrik Harley (viool, kitaar), Joshua Frank (blokfluit, kitaar), Mariechen Meyer (kontrabas), John Pringle (perkussie)

Met David Bowie wat bekend is as die verkleurmannetjie van rock, was dit 'n plesier vir dié klassieke ensemble om hulde te bring aan hierdie ikoniese musikant en vermaaklikheidskunstenaar deur sy musiek geheel en al te herskep. Jan-Hendrik Harley het aan homself die uitdaging gestel om die gewilde werke van Bowie na 'n Baroktydperk te verplaas. Hy het sy inspirasie uit die musiek van Argentinië, Frankryk en Duitsland geput. Hierdie unieke Barok-verplasings gee erkenning aan Bowie se vermoë om sy eie beeld en musiek herhaaldelik te herskep en te verander. Die program word uitgevoer op instrumente eie aan die Barokperiode en sal hier en daar afgewissel word met


Charl du Plessis Trio: *Speel Beethoven*

anonieme Barokwerke wat aansluit by die temas van eksistensiële angs en vervreemding in Bowie se musiek.

**2 Maart** 17:30 | **5 Maart** 17:30
60 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## BLONDES' CHOPIN LISZT

**Met:** Elna van der Merwe & Zorada Temmingh (klavier)

Twee Stellenbosse pianiste speel bekende musiek van twee 19de-eeuse Paryse pianiste op twee vleuelklaviere. Die *Blondes* maak oudergewoonte vindingryke keurspele van uittreksels uit spesifieke komponiste se bekendste werke. Hulle is bekend daarvoor dat hulle klassieke musiek op 'n ligte manier, en ligte musiek op 'n klassieke manier na gehore bring. Die program sluit in melodieë uit Chopin – die "digter van die klavier" – se walse, nokturnes, preludes, etudes en klavierconcerti, sowel as die gewilde *Fantaisie-impromptu*, as 'n keurspel van uiterstes: delikate grasie tot heroïese grootsheid. Liszt, die "Paganini van die klavier", se drama, virtuositeit en speelsheid word vervat in 'n keurspel uit sy klavierconcerti, sy geliefde *Liebestraum* en *La Campanella*, die *Consolations* en nog meer. Immergroen treffers uit *The Sound of Music*, soos "Edelweiss", "Climb Ev'ry Mountain", "My Favourite Things", Sixteen Going on Seventeen" en "Do-re-mi", sorg vir 'n lekker saamsing-goedvoel-afsluiting vir die program.

**9 Maart** 11:00
60 min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## CHARL DU PLESSIS TRIO: SPEEL BEETHOVEN

**Musiek:** Ludwig van Beethoven verwerk deur Charl du Plessis
**Met:** Charl du Plessis (klavier), Werner Spies (kontrabas), Peter Auret (tromme)

Die hoogaangeskrewe Charl du Plessis Trio is pas vereer met 'n tweede SAMA-toekenning as beste klassieke instrumentale opname-kunstenaars in Suid-Afrika. Die trio besoek weer eens die Woordfees, dié keer met hul jongste bydrae: *Speel Beethoven*. Hierdie nuweling-produksie is 'n samevatting van die bekendste Beethoven-melodieë in 'n nuwe *swing*-gewaad. Werke soos die *Maanlig*-sonate, die vyfde simfonie,

*Für Elise*, die grootse *Keiser*-concerto en ander gunstelinge, word hier getransformeer in nuwe bewerkings in die unieke styl van die Trio. *Speel Beethoven* is 'n kombinasie van die verfynde vertolking van die Steinway-kunstenaar Charl du Plessis, die ervare en elegante bas-spel van Werner Spies, en die kraakvars trommelings van Peter Auret. Die Charl du Plessis Trio het reeds sewe CD- en twee DVD-opnames bekend gestel, met hul gewilde *Baroqueswing*-reeks onder die Switserse Claves-etiket, en het ook optredes in Europa en China op hul kerfstok.

**1 Maart** 20:00
70min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## DARK SIDE OF THE FLUTE

**Met:** Gabriele von Durckheim (fluit), Luis Magalhães (klavier)

In hierdie uitvoering verskyn die eerste fluitis van die Kaapstadse Filharmonie, Gabriele von Durckheim, en pryswenner-pianis Luis Magalhães saam in konsert om hul instrumente ten toon te stel. Weens 'n ander stemming en kleiner omvang het die ouer fluit-repertorium, veral dié van die tydperk voor 1850, geneig om die helderder timbre voorkeur te gee. Verbeteringe aan die konstruksie van die fluit het 'n meer veelsydige instrument tot gevolg gehad en hierdie programsamestelling is meer toegespits op die donkerder tinte waartoe die moderne fluit in staat is. In dié program het die klavier 'n prominente en solistiese rol, pleks van 'n bloot begeleidende funksie. Die program sluit werke van Bach, Schubert, Prokofief, Jolivet en Fauré in.

**5 Maart** 15:00
100 min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## GLORIOUS BAROQUE

**Regisseur en musikale leiding:** Erik Dippenaar
**Met:** Camerata Tinta Barocca (in orkesformaat) met internasionale soliste Philipp Mathmann (manlike sopraan), Anna Fusek (blokfluit) en Gerd Amelung (klavesimbel).

Camerata Tinta Barocca (CTB), Suid-Afrika se voorste Barok-orkes, met drie internasionale soliste – Philipp Mathmann (manlike sopraan), Anna Fusek (blokfluit) en Gerd Amelung (klavesimbel) – bied 'n opwindende program met virtuose werke uit die 18de eeu aan. Mathmann het onlangs deel gehad aan 'n opname van FX Richter se oratorium *La deposizione della croce di Gesu Cristo*, met die Tsjeggiese Ensemble Baroque. Fusek werk gereeld saam met uitsoek-ensembles soos die Barok-orkes van Venesië, die Berlynse Filharmonie, die Akademie für Alte Musik Berlin, die orkes Il Pomo d'Oro en die Collegium 1704. Amelung is 'n


*Glorius Baroque*



Barok-operaspesialis en gereeld deel van produksies in Duitse teaters, waaronder die Gärtnerplatztheater München, die Staatstheater Nürnberg en die Deutsches Nationaltheater Weimar. Die program sluit 'n concerto vir blokfluit, 'n concerto vir twee klavesimbels, asook arias uit die Italiaanse castrato-tradisie in. CTB speel op replikas van 18de-eeuse instrumente en word vanaf die klavesimbel gelei deur die artistieke leier, Erik Dippenaar.

**4 Maart** 20:00
90 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## GUSHA DUO

**Met:** Visser Liebenberg (klarinet) en Dylan Tabisher (vibrafoon)

*Gusha Duo* is 'n unieke program wat bedink is om Woordfeesgangers in die verbygaan te vermaak. Die konsert mik daarna om die kunstenaarskap van kamermusiek op 'n ongewone wyse aan die bewegende gehoor tuis te bring: Die kunstenaars beweeg as straatmusikante van die een lokaal na die ander. Dié 25 minuut lange konsert sal deur die beweeglikheid daarvan die gees van kunsmusiek vleuels gee.

**1 - 10 Maart**
25 min | Verskeie venues en tye

## HEMISPHERES – CHORAL MUSIC FROM SOUTH AFRICA AND SWEDEN

**Met:** Kamerkoor van die Universiteit Stellenbosch, onder leiding van Martin Berger, en Lund Universiteitskoor (Swede), met Cecilia Martin-Löf as leier

Die Stellenbosse Universiteitskamerkoor, met dirigent Martin Berger, en die Lund Universiteitskoor uit Swede, onder leiding van Cecilia Martin-Löf, gee saam gestalte aan hierdie program van koormusiek uit twee halfrondes. Die konsert illustreer die ryk koortradisies van die twee lande, 'n unieke klankervaring wat die kontraste en verwantskappe tussen die twee gesiene koorkulture belig. Die Kamerkoor is vinnig besig om internasionale aansien te verwerf: In 2018 is die koor uitgenooi as "kunstenaarskoor" by die 12de Cantemus Internasionale Koorfees in Nyíregyháza, Hongarye, en in 2017 is hulle genooi om deel te neem aan die Internasionale Kinderkoorfees in Hong Kong. Die koor van die Universiteit van Lund (Swede) is 'n gemengde koor van sowat 50 lede, meestal voor- en nagraadse studente van Lund en Malmö. Die koor is reeds in 1927 gestig en word tans erken as een van die mees toonaangewende kore in Swede.

**9 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## HULDE AAN NELLIE DU TOIT

**Samesteller:** José Dias
**Met:** Virginia Davids, Magdalene Minnaar, Arline Jaftha en Aubrey Lodewyk

Met 'n sangloopbaan van bykans drie dekades op al Suid-Afrika se belangrikste verhoë, sal Nellie du Toit altyd as een van ons voorste soprane onthou word, 'n ware prima donna assoluta. Sy was ook 'n merkwaardige pedagoog, onder meer, as die sanghoof aan die musiekdepartement van die

Universiteit Stellenbosch. Sy het ook aan die Kaapstadse Musiekkollege klasgegee. In 1986 is Nellie du Toit se uitmuntende musiekprestasies vereer met 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en in 1998 ontvang sy 'n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch.
Met hierdie konsert bring die Woordfees deur musiek en gesprekke met kunstenaars en vriende ná aan Nellie du Toit hulde aan een van Suid-Afrika se grootste kunstenaarsgeeste en die invloedryke mentor van 'n paar generasies van nuwe sangsterre.

**3 Maart** 15:00
90 min | kykNET Endler
R120 - R170 | R200 by die deur

## INDIGO

**In samewerking met:** Musiekherlewing
**Met:** Christopher Duigan (klavier), David Salleras (saksofoon)

Sedert sy eerste besoek aan Suid-Afrika in Oktober 2012, het David Salleras in etlike konsert- en opnameprojekte met Christopher Duigan saamgewerk. Salleras – van Barcelona – het reeds internasionale aandag getrek danksy sy gemaklike omgang met 'n verskeidenheid musikale style. Sy vernuwende komposisies, wat tradisionele flamenco-idiome met eietydse avant garde uitvoeringstegnieke bymekaar bring, word deur saksofoniste wêreldwyd uitgevoer. In hierdie program word komposisies vir solo-saksofoon, asook werke uit die tradisionele saksofoon-repertorium byeengebring, soos tango's van Piazzolla, musiek van die Spaanse saksofonis Pedro Itturalde en oorspronklike komposisies van Christopher Duigan. Salleras gebruik slegs Vandoren- en Selmer-instrumente, en Duigan word nou met Steinway-klaviere geassosieer.

**3 Maart** 20:00
70 min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## LA FEMME!

**Met:** Nina Fourie-Gouws (klassieke kitaar) en Tanya Diamond (Flamenco-dans). Begeleiding deur Bregtje Cals en Marnhe du Plooy, met 'n verskeidenheid volksmusiekinstrumente, kastanjette en handklap.

Die internasionaal bekende danseres en choreograaf Tanya Diamond, en die konsertkitaarspeler en dosent aan die Konservatorium, Nina Fourie-Gouws, smee kragte saam in hul aanbieding, *La Femme!* Hierdie visuele en musikale produksie kombineer passie, vurigheid en intensiteit van die eietydse solo-flamenco-dans met die ryk, komplekse en sensuele klanke van die klassieke kitaar. Diamond het haar professionele dansloopbaan op 15-jarige ouderdom begin nadat sy deur die danser en choreograaf Antonio del Castillo raakgesien is. Daarna het sy dans-opleiding in Spanje ondergaan, en self les gegee in New York en Los Angeles. Fourie-Gouws het steeds 'n aktiewe konsertprogram deur Suidelike Afrika en het onlangs 'n optrede in die Volterra-kitaarprojek in Italië gehad. Diamond en Fourie-Gouws is albei geesdriftig oor die ryk Spaanse musiek- en danstradisie en is voortdurend op soek na nuwe klankmoontlikhede binne die eietydse klassieke repertorium. Tradisionele Spaanse begeleiding, insluitende kastanjette, cajon ('n soort vierkantige handtrommel) en palmas (handklap of kitaartrommel), sal voorsien word deur lede van die SoloFLAMENCO-ateljee.



Die pianis Chris Duigan en die saksofoonspeler David Salleras tree op 2 Maart as soliste saam met USSO op en ook as duo in 'n konsert getiteld *Indigo* op 4 Maart

**6 Maart** 20:30 | **9 Maart** 13:00
60 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## MIKE WANG: KLAVIER-VOORDRAG

**Met:** Mike (Zi Ning) Wang (klavier)

Die 2019 Woordfees bied met trots die 12-jarige klavier-wonderkind Mike (Zi Ning) Wang aan. Wang was in 2018 die geheelwenner van die Hennie Joubert-klavierkompetisie en het ook weggestap met drie spesiale pryse: die beste vertolking van 'n prelude en fuga van J.S. Bach, die beste voordrag van 'n virtuose étude, sowel as die beste voordrag van 'n Suid-Afrikaanse komposisie. Wang is 'n graad 6-leerling by die Hendrik Louw Primêre Skool in die Strand en 'n leerling van Mario Nell. Hy het in 2017 sy debuut as solis saam met die Hugo Lambrechts Simfonieorkes gemaak en was in dieselfde jaar die geheelwenner van die SAMRO-Hubert van der Spuy-kompetisie. Wang se Woordfees-konsertprogram sal uit solowerke van Beethoven, Chopin en Liszt bestaan.

**3 Maart** 11:00
90 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## MI(SA)

**'n NATI-US Woordfees-Suidoosterfees-ko-produksie**

**Skrywer:** Antjie Krog (*Die nuwe verbond – 'n Misorde vir die universum*)
**Regisseur:** Marthinus Basson
**Dirigent en musikale regisseur:** Pieter Bezuidenhout
**Beligtingsontwerp:** Chris Pienaar
**Musiek:** *Misa Criolla* deur Ariel Ramírez, *Missa Luba* deur Guido Haazen, *Die nuwe verbond* deur Antoni Schonken
**Choreografie:** Sifiso Kweyama en Ina Wichterich
**Met:** Amanda Strydom, Cecilia Rangwanasha (sopraan), Makudupanyane Senaoana (tenoor), Ané Pretorius (klavesimbel) en Erik Dippenaar (klavier), Kaapstadse Operakoor
**Verhoogbestuurder:** Danielle Louw

*MI(SA)* is 'n drieledige uitvoering bestaande uit die *Missa Luba*, die *Misa Criolla* en 'n nuwe Suid-Afrikaanse mis geskryf deur Antjie Krog met musiek deur Antoni Schonken: *Die nuwe verbond – 'n Misorde vir die universum*. Hiermee tree Krog en Schonken in gesprek met die geliefde *Misa Luba* en *Misa Criolla*. Marthinus Basson vermeng rite en liturgie en skep 'n grensverskuiwende eietydse klankbeeld van Suid-Afrika, oorwegend in Afrikaans, maar ook met Latyns, Grieks, Engels, Xhosa en ou Khoisan-woorde. Krog noem dit 'n "wetenskaplike mis wat die skade wat die mens aan mekaar, sowel as die planeet aanrig, besweer." Die *MI(SA)* word ook nie net deur die Kaapstadse Operakoor gesing nie – die stories van die koorlede en waar hulle vandaan kom, vorm deel van die mis.

**1 Maart** 16:30 & 20:30 |
**2 Maart** 14:30 | **3 Maart** 19:30
85 min | Adam Small Ouditorium
R100-R180 | R120-R200 by die deur


*Mood Swings*

## MOEDERKERK-ORRELWEEK

**Vervaardiger:** Zorada Temmingh
**Met:** Diederick Basson, Christiaan Carstens, Winand Grundling, Christopher Petrie, Zorada Temmingh

Die Orrelweek is ’n reeks van vyf 30 minuut lange middaguurkonserte in die Moederkerk. Die orrel as solo-instrument is die fokuspunt – van standaard-orrelrepertorium tot improvisasies. Elke jaar is daar ’n spesifieke tema waaromheen werke gekies word. 2019 se tema is die Suite – ’n groep korter werke wat saam een musikale geheel vorm. Stellenbosch het ongewoon baie uitvoerende orreliste wat hier hul kunstenaarskap kan toon. Die gereelde anker-orreliste is Zorada Temmingh en Winand Grundling, die ander plaaslike orrelis is Diederick Basson, die student is Christopher Petrie en die besoekende orrelis is oud-Matie Christiaan Carstens van Humansdorp.

**4 Maart: Christiaan Carstens**
**5 Maart: Winand Grundling**
**6 Maart: Christopher Petrie**
**7 Maart: Diederick Basson**
**8 Maart: Zorada Temmingh**

**4 - 8 Maart** 13:15
30 min | Moederkerk | R60 | R70 by die deur

## MOOD SWINGS

**Met:** Jolene McCleland (mezzo-sopraan) en Elna van der Merwe (klavier)

Die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars Jolene McCleland (mezzo-sopraan) en Elna van der Merwe (klavier) lewer ’n uitvoering van die kaleidoskoop van rolle en stemminge wat tipies is vir die mezzo-sopraan op die verhoog. Van die mezzo word soms verwag om manlike rolle te vertolk (“hosenrollen”), soos van verliefde mans, vroue wie se minnaars kort tevore vermoor is, jong meisies wat onlangs liefde gevind het, vroue wat betower word en daardeur oorreed word tot die liefde, en selfs


*Mike Wang*

vroue wat in liefde verlaat is. Sulke uiteenlopende emosionele toestande wat binne slegs een uur voorgestel word, mag dalk ’n bepaalde onstabiliteit by die voordraer veroorsaak, selfs ’n identiteitskrisis. Bowendien, watter gehoor sal so ’n massa emosie op die verhoog kan hanteer, en hoe kan die voordraer so ’n versameling stemmings oorleef? Is daar hoop vir haar? Hierdie konsert is tersefdertyd die bekendstelling van die sangeres se mees onlangse CD, *Mood Swings – die rolle van ’n mezzo.*

**2 Maart** 15:00
55 min | kykNET Endler|
R100 - R140 | R160 by die deur

## ’N NUWE LIED

**Regisseur:** Minette du Toit-Pearce
**Vervaardigers:** Minette du Toit-Pearce en Antoni Schonken
**Skrywers:** Studente van die US Departement van Afrika-tale
**Musiek:** Antoni Schonken, Arthur Feder, komposisie-studente aan die US Musiekdepartement

Die US-departemente van Musiek en Afrika-tale werk saam om nuwe gedigte te toonset in ’n vars omskepping van die Suid-Afrikaanse kunslied. In die proses kry luisteraars die geleentheid om te

deel in jongmense se stories en stemme soos wat hulle skryf en sing oor Suid-Afrika. Hierdie nuwe werke weerspieël die ryk erfenis van die liedkuns in Afrikaans, maar doen weg met grense tussen tale en dissiplines ten einde 'n nuwe stem te vind. Tekste is nuutgeskep deur studente van die US Departement van Afrika-tale onder leiding van Thulani Simayile, getoonset deur studente van die US Musiekdepartement se komposisie-afdeling onder leiding van Antoni Schonken en Arthur Feder, en word vertolk deur sangers van die US Musiekdepartement se sangafdeling onder leiding van Minette du Toit-Pearce, Lauren Dasappa en Jolene Auret Kappis.

**8 Maart** 18:00
60min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## OLGA KERN: PRESTIGE-KLAVIERUITVOERING

**In samewerking met:** Endler-konsertreeks
**Met:** Olga Kern (klavier)

Die Russies-Amerikaanse pianis Olga Kern word tans erken as een van haar generasie se uitnemendste pianiste. Sy het in die kalklig gekom as die eerste vrouepianis in meer as 30 jaar om die goue medalje by die Van Cliburn Internasionale Klavierkompetisie te verower. Haar verowering van die eerste prys in die Internasionale Rachmaninoff-kompetisie op 17-jarige ouderdom was die begin van 'n glorieryke kompetisieloopbaan. In 2016 het sy gedien as beoordelaarsvoorsitter van sowel die sewende Van Cliburn Internasionale Amateur-klavierkompetisie en die eerste Olga Kern-klavierkompetisie, waarvan sy ook die artistieke direkteur is. In hierdie prestigeryke solo-uitvoering speel sy werke soos Schumann se *Karnaval*, Gershwin se *Drie Preludes* en 'n transkripsie van Gershwin se *Fascinating Rhythm*, sowel as musiek van Rachmaninoff, Skriabin en Balakiref.


Olga Kern: Prestige-klavieruitvoering

**5 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## PIANO AND STRINGS FROM THE USA

**Met:** Suzanne Martens (viool), Peter Martens (tjello), Pieter Grobler (klavier)

Hoewel die Universiteit Stellenbosch in 2019 tegnies 101 jaar oud is, word plaaslike feesvierings steeds toegespits op 100 jaar van uitnemendheid en vernuwing. Dit is toevallig ook so dat die bekende Amerikaanse komponis/dirigent Leonard Bernstein – nou geassosieer met die musiekblyspel *West Side Story* – ook in 1918 gebore is. Plaaslike violis Suzanne Martens, tjellis Peter Martens en pianis Pieter Grobler se verbeelding is aangegryp deur Bernstein se klaviertrio – 'n vroeë werk, 'n vooruitskouing van die komponis se latere karakteristieke Amerikaanse styl. Ander werke op dié Amerikaanse program is John Cage se *Ses melodieë* vir viool en klavier, en Samuel Barber se diepsinnige sonate vir tjello en klavier. Ondanks die feit dat hierdie musiek selde, indien ooit,

in Suid-Afrika uitgevoer word, behoort dié werke tot van die mees toeganklike Amerikaanse musiek van ons tyd, en is steeds verteenwoordigend van 19de-eeuse tradisies, insluitende musiek uit die wêreld van rolprente.

**4 Maart** 18:00
60 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## SONGS OF LIFE

**Met:** Nathan Zachary Lewis (tenoor) en Megan-Geoffrey Prins (klavier)

Vir hierdie uitvoering keer die bekende Suid-Afrikaanse pianis en wenner van etlike pryse, soos SAMRO-, UNISA-, en ATKV-kompetisies, terug na Suid-Afrika om kragte saam te span met die veelsydige tenoor Nathan Zachary Lewis. Hierdie pasgestigte duo is albei alumni van die Universiteit Stellenbosch, waar hulle klavierstudente van Nina Schumann en Luis Magalhães was. Die duo se uitvoering, wat werke van onder andere Duparc, Vaughan-Williams, Verdi, Faure en Schubert insluit, beloof pragtige melodieë wat verweef is in tapisserieë van kleurryke harmonieë.

**8 Maart** 20:30
60 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## TWO PIANISTS

**Met:** Nina Schumann & Luis Magalhães

Die internasionaal gevierde klavierduo Nina Schumann en Luis Magalhães is weer by die Woordfees in 2019. Schumann en Magalhães is albei dosente aan die Universiteit Stellenbosch se musiekdepartement en tesame het hulle reeds bekendheid verwerf met hul opname-etiket, 2Pianists Records. Hulle slaag gereeld daarin om byval by gehore te vind met hul glinsterende virtuositeit en sublieme musisering. Vir hierdie *Two Pianists*-konsert word 'n simfonie-orkes na die klavierverhoog verplaas met 'n uitvoering van Beethoven se tweede en vierde simfonieë, soos verwerk vir vierhandige klavier deur Hugo Ulrich.


**7 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## UNIVERSITEITSKOOR STELLENBOSCH

**Met:** Universiteitskoor Stellenbosch gedirigeer deur André van der Merwe

Die US Koor, onder die leiding van André van der Merwe, is een van die oudste en mees gevierde kore in Suid-Afrika en bestaan uit studente uit 'n verskeidenheid akademiese en kulturele omgewings, wat bydra tot die koor se energieke en begeesterde uitvoerings. In 2017 het die koor vir die vyfde agtereenvolgende jaar die eerste plek op die Interkultur-ranglys van 1 000 internasionale kore beklee. Kom beleef wêreldklaskoorkuns tydens die Woordfees Etensuurkonsert.

**7 Maart** 13:15 | **8 Maart** 13:15
40 min | kykNET Endler
R60 | R80 by die deur





Megan-Geoffrey Prins: Virtuose in Konsert / Virtuosi in Concert & *Songs of Life*

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SIMFONIEORKES

**In samewerking met:** Endler-konsertreeks
**Met:** Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes met Daniel Boico (dirigent) en soliste David Salleras (saksofoon), Christopher Duigan (klavier) en Emilio Lorenzo (slagwerk)

Die Universiteit Stellenbosch se Simfonieorkes, onder leiding van die Israeli-Amerikaanse dirigent Daniel Boico, open die 2019 Woordfees met 'n unieke versameling klanke en kulture. Die Spaanse saksofonis David Salleras, Suid-Afrikaanse pianis Christopher Duigan en slagwerkspeler Emilio Lorenzo (Matiestudent en wenner van die 2018 Fine Music Radio-beurs) smee kragte saam in 'n uitvoering van die Japannese komponis Takashi Yoshimatsu se kleurvolle en ritmies betowerende *Cyber Bird Concerto* vir saksofoon, klavier en orkes. Ook op die program is Brahms se innemende *Tragiese ouverture* en die Slawiese warmte van die Sesde Simfonie van Antonin Dvořak.

**2 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

---

## US CAMERATA

**Met:** Die Universiteit Stellenbosch se Camerata met soliste László Kuti (klarinet) en Peter Martens (tjello)

Die Universiteit se eie Camerata – aan plaaslike konsertgangers bekend vir hul samewerking met internasionale kunstenaars soos Joshua Bell en Pinchas Zukerman – sal concerto's van Mozart en Haydn begelei, met László Kuti (klarinet) en Peter Martens (tjello) as soliste. Mozart se gewilde klarinetkonsert sal belig word deur die internasionaal bekende solis László Kuti, die hoofklarinettis van die Münchense Filharmonie. Martens, die artistieke direkteur van die Camerata, sal sy eerste solokonsert-buiging met die groep sedert 2008 met 'n uitvoering van Haydn se Tjellokonsert in D-majeur maak. Die Camerata sal ook hulde bring aan wyle Roelof Temmingh by wyse van sy *Drie sonnette vir orkes* (1988).

**6 Maart** 20:00
120 min met pouse | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

---

## VERDI SE REQUIEM

**Met:** Libertas-koor en -orkes, Johan de Villiers (dirigent), Petri Salonen (konsertmeester). Soliste: Cecilia Rangwanasha (sopraan), Minette du Toit-Pearce (mezzo-sopraan), Given Nkosi (tenoor) en Garth Delport (bariton)

Die Libertas-koor en -orkes bied een van die bekendste en gewildste werke uit die religieuse musiek aan. Verdi se *Requiem* is 'n monumentale werk vir koor, soliste en orkes. As dié komponis se enigste grootskaalse werk wat nie vir die operaverhoog bedoel is nie, is dié werk nogtans gelykwaardig aan sy operas, met ewe veel intense drama en aangrypende melodiese skoonheid. Die liturgiese teks word met buitengewone dramatiese en emosionele intensiteit gevul, met donderende basdromslae wat die onheilspellende *Dies Irae* byna realisties voorstel, en die trompetgeskal wat die oordeelsdag voor die gees roep in die *Tuba mirum*, is verteenwoordigend van 'n werk wat Brahms as geniaal gehuldig het. Johan de Villiers lei die groep uitstaande soliste.

**9 Maart** 15:00 | **10 Maart** 15:00
90 min | kykNET Endler
R120 - R170 | R200 by die deur

## VIRTUOSE IN KONSERT/ VIRTUOSI IN CONCERT

**Vervaardiger:** Ilse Schürmann
**Met:** Bongani Kubheka (bariton), Cameron Williams (saksofoon), Megan-Geoffrey Prins (klavier)

Die ATKV se nasionale kompetisies Muziq (instrumente) en Muziqanto (sang) bied 'n konsert met van die beste van die jong Suid-Afrikaanse musiektalent aan. Die kombinasie van beide die vokale pryswenners – baritonne Bongani Kubheka en Luvoyo Mbundu – en die instrumentale pryswenner – saksofoonspeler Cameron Williams – beloof 'n uitsonderlike fees van musiek. Die soliste sal begelei word deur die pianis Megan-Geoffrey Prins, die wenner die 2016 Muziq-kompetisie. Prins het reeds etlike plaaslike en buitelandse pryse verower, waaronder eerste pryse by die UNISA 120 jaar Herdenkingskompetisie, die vyfde UNISA Nasionale Klavierkompetisie en die 2017 SAMRO Buitelandse Beurskompetisie. Prins het ook gedurende 2018 sy doktorale studie aan die Cleveland-musiekinstituut met sukses voltooi.

**7 Maart** 16:00
60 min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur

## VREDEKLAWERS

**Met:** Liza Joubert (klavier)

Die helende krag van musiek word in *Vredeklawers* ingespan om 'n boodskap van vrede te stuur. Die klem val hier nie op vermaak nie, maar op die vermoë van musiek om tot die siel te spreek op 'n manier wat die luisteraar se eie smagting na vrede eer, erken en aanvul. Grensloos mooie komposisies van verskillende plekke en tye word saamgesnoer in een verkwikkende geheel. Hierdie program is pianis Liza Joubert – bekend vir uitvoerings wat strek vanaf Stockhausen en kabaret tot ragtime – se mees persoonlike klavierprojek tot dusver. Bach, Montague, Schubert, Satie, Cage, Ibrahim en Joubert. Iets vir almal.

**2 Maart** 11:00
60 min | kykNET Fismer
R110 | R130 by die deur

## WONDERKINDERS

**In samewerking met:** Arts Capital
**Met:** Maestro Wolfram Schmitt-Leonardy, Qden Blaauw, Maxim Lando, Kevin Jansson, Kaan Baysal, Maria Linares

Vyf jong pianiste en een maestro, almal uitblinkers. Dié vyf wonderkinders, Qden Blaauw (14), Maxim Lando (15), Kevin Jansson (18), Kaan Baysal (15) en Maria Linares (15), sal die laaste week in Februarie 2019 in Kaapstad, meesterklasse by Maestro Wolfram Schmitt-Leonardy ontvang. Tydens die meesterklasse sal 'n program vir dié spesiale Woordfees-uitvoering saamgestel word. Die gehoor kan uitsien na 'n verskeidenheid klassieke werke, nuutskeppings en dubbelduette. Begaafde kinders wat saam skep en saam die klawers laat lewe – 'n internasionale vertoning waarin Suid-Afrika, die Verenigde State van Amerika, Ierland, Turkye en Spanje se wonderkinders saam die gehoor sal betower.

**4 Maart** 15:00
80 min | kykNET Endler
R100 - R140 | R160 by die deur


Bongani Kubheka – ATKV Muziqanto-wenner